# HOOFSTUK 11

# MISDAAD, POLISIEDIENS EN REGSPLEGING

Misdaad kan in die studie van die sosiale lewenswyse van die mens, vanuit verskillende invalshoeke bestudeer en beskryf word. In juridiese verband is misdaad 'n oortreding van die wet, waaraan die Staat 'n strafbepaling gekoppel het. Strafoplegging geskied in die hof, nadat die landdros of regter die aanklag teen 'n misdadiger verhoor het. Regspleging in Krugersdorp word oorsigtelik in die studie bespreek.

Aandag word ook gegee aan die polisiediens in Krugersdorp en die polisiëring van sosiale misdrywe en oortredings van wetgewing wat met die apartheidsbeleid van die regering in verband staan en waarby die Krugersdorp Stadsraad in 'n mindere of meerdere mate betrokke was.

Misdaad sluit ook anti-sosiale handelinge in wat 'n skending of bedreiging van die stabiliteit van 'n gemeenskap is. Maatskaplike toestande soos armoede, werkloosheid, swak woonomstandighede, onstabiele gesinslewe, 'n lae opvoedingspeil en drank- en dwelmmisbruik het 'n groot invloed op die voorkoms van misdaad in 'n gemeenskap. Verstedeliking speel 'n belangrike rol in die verandering van maatskaplike toestande. Die maatskaplike toestande wat 'n invloed op die voorkoms van misdaad in Krugersdorp het, word oorsigtelik bespreek, met spesifieke verwysing na jeugmisdaad.

## 11.1 MISDAAD

Krugersdorp was vroeg reeds in die Suid-Afrikaanse misdaadsgeskiedenis bekend vir sy eerste bankroof op 29 Augustus 1889. Twee gemaskerde rowers het die bankbeamptes by die Standard Bank (foto no.95) met rewolwers aangehou en met ongeveer £2000 (tweeduisend pond) in kontant en goud ter waarde van £1700 (eenduisend sewehonderd pond) weggekom. Die rowers is deur sersant Frederick Tossel van die Zuid-Afrikaansche Rydende Politie (ZARP) te perd agterna gesit en in die omgewing van

Halfweghuis gevange geneem. Die kontantgeld is teruggevind, maar die goud moes die rowers iewers in die veld versteek het, want dit is nooit gevind nie. Die rowers is deur regter Ameshof tot 25 jaar tronkstraf met harde arbeid gevonnis.[1]

Maar dit is die opspraakwekkende "tonnel-roof" van 1977 wat die Krugersdorp-tak van die Standard Bank (foto no.96) wêreldbekend gemaak het. Die inbraak het plaasgevind oor die naweek van 30 April tot 1 Mei 1977. Die bankroof het saamgeval met die maandeinde, 'n periode wanneer banke normaalweg groot kontantreserwe aanhou. Die rowers het 'n skag van 3.35 meter aan die agterkant van 'n nabygeleë leë winkel gegrawe en daarvandaan 'n tonnel van ongeveer 27 meter onderdeur twee winkels, 'n restaurant en 'n 3 meter sypaadjie tot binne in die bank. Toegang is tot die kluis verkry deur 'n gat in die baksteenmuur te slaan en die brandkas oop te brand met 'n oksiasetileenbrander. Die rowers, wat nooit gevang is nie, het weggekom met R170 000 (eenhonderd-en-sewentigduisend Rand) kontant, R243 000 (tweehonderd drie-en-veertigduisend Rand) se reisigerstjeks, 'n muntversameling en 'n verskeidenheid waardevolle juwele met 'n totale waarde van R587 000 (vyfhonderd sewe-en-tagtigduisend Rand). Die gesteelde geld en juwele is nooit gevind nie.[2]

Koerante het landwyd oor die tonnelroof berig. Die *Rapport* het die werk van die "tonnelrotte" as 'n "briljante stukkie werk" beskryf. Hulle het soos myndeskundiges te werk gegaan en op 'n baie professionele wyse daarin geslaag om met honderde duisende Rand se kontant, reisigerstjeks en waardevolle besittings weg te kom.[3]

Die voorkoms van misdaad hou dikwels verband met maatskaplike faktore soos armoede, werkloosheid, swak woonomgewings, gebroke gesinsverhoudings en die misbruik van drank en dwelms. Hierdie faktore

---

1 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, F. Tossel, "Put up your hands...! Stirring days in early Krugersdorp", *Krugersdorp, The fighting dorp. Capital of the West Rand*, Sept. 1937, pp.5-13.

2 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingsleêr B2, Pamflet *Standard Bank Krugersdorp-tak*, 1988.

3 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingsleêr B2, *Rapport*, 3 Jul. 1994.

word deur die verstedelikingsproses vererger omdat die oorplasing van die individu vanaf 'n landelike na 'n stedelike omgewing emosionele, intellektuele en maatskaplike ontwrigting meebring. Die skok wat verstedeliking meebring kan as een van die grondoorsake van misdaad aan die Witwatersrand gesien word. Dit is egter 'n abstrakte feit wat nie statisties meetbaar is nie.[4]

Dit is waar dat die Swartmense verstedeliking baie intenser beleef as die Blanke, omdat ekonomiese en maatskaplike ondersteuningshulp histories meer op die Blanke gerig is, as op ander bevolkingsgroepe. Daarom dat die voorkoms van misdaad onder Swartmense hoog is. Die voorkoms van misdaad onder Swartmense het al voor die eeuwending kommerwekkende afmetings in Krugersdorp aangeneem. Die Swartmense was van die laagste besoldigde arbeiders sodat hulle hul gewend het tot misdade soos diefstal, inbraak en rowery. Van die 91 sake wat die landdros in 1893 aangehoor het, was 47 Swartmense wat hulle skuldig gemaak het aan diefstal, aanranding en oortredings van die paswette.[5]

Die periode na die Suid-Afrikaanse Oorlog is gekenmerk deur militante optrede van Swartmense aan die Witwatersrand. Die sogenaamde "black peril"[6] (Swart-gevaar) het in 1908 'n hoogtepunt bereik. Een van die probleme wat na bewering met "black peril"-misdade verband hou, is die groot aantal Swartmynwerkers wat in oorvol, swak voorsiene kamponge gewoon en tydens hulle vrye tyd in die strate van die dorp rondgedwaal het. 'n Groot getal inbrake en "aanvalle" op Blankes in hierdie periode is aan die

---

4 Transvaalse Argiefbewaarplek (TAB), Pretoria, MKR, band 2/3/1/211, korrespondensieleêr L23, *Findings and recommendations of a conference on urban juvenile deliquency, 10-12 October 1938*. Kyk ook G. Cronje, P.J. van der Walt, ea., *Die jeugoortreders in die gemeenskap*.

5 C. Dugmore, *A threat to poverty and lives. Black "crime" and white "victims" in Krugersdorp, 1887-1914* (ongep. studie, Universiteit van die Witwatersrand: Afrika studies, 1991), p 2. Kyk ook Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingsleêr P7, *Polisie*, sd.

6 In die periode 1887-1914 het 'n algemene persepsie onder Blanke inwoners van Krugersdorp geheers dat die Swartmense 'n bedreiging vir hulle veiligheid inhou as gevolg van talle aanvalle op Blankes. Die optrede van die Swartmense is as 'n klein oorloggie teen die Blankes gesien. Op grond hiervan het die Blanke inwoners die Regering versoek om meer polisiemanne in Krugersdorp te stasioneer. Die koerante van hierdie tyd is vol berigte van aanvalle op en verkragting van Blanke vroue, en ander misdade wat teen Blankes gepleeg is. Die periode 1887-1924 word deur Dugmore as die "Black Peril" beskryf. Kyk C. Dugmore, *A threat to property and lives...*, pp.1-15.

"black peril" gekoppel. Aanvalle op Blanke vroue was die misdaad wat die wydste kommentaar onder Krugersdorpers uitgelok het.[7]

Die periode van die sogenaamde "black peril" in Krugersdorp het tot in 1913 geduur. Die verband tussen die "black peril" en die ekonomiese depressie en politieke spanning moet nie uit die oog verloor word nie. Die stakings op die omliggende myne in 1907 en 1913 het 'n direkte invloed gehad op die voorkoms van vlae van misdade in 1906 tot 1908 en weer in 1911 tot 1913. Die Regering het 'n Kommissie van Ondersoek gelas na die sogenaamde "black peril" en aanbeveel dat alle Swartmynwerkers tot die onderskeie kamponge beperk moes word. Die Stadsraad van Krugersdorp het hierteen beswaar aangeteken omdat hulle van mening was dat die misdade eerder deur huisbediendes en plaaswerkers gepleeg is as deur die mynwerkers. Die inperking van die Swartmynwerkers in die kamponge sou volgens hulle 'n onherstelbare teenslag vir die ekonomiese groei en vooruitgang vir die Wesrand beteken. Die Stadsraad is in hulle beswaar deur die Krugersdorp Besigheidskamer ondersteun.[8]

Die Blanke inwoners van Krugersdorp het heftig gereageer op die "black peril" en eise vir 'n groter polisieteenwoordigheid, hardhandiger optrede teen oortreders, beter toesig oor gevangenes wat as hande-arbeid in die bou van strate gebruik is en die opgradering van die tronk ingestel. Oortreders is swaar gestraf. Die toedien van lyfstraf gepaard met harde arbeid, het algemeen voorgekom. Aan die anderkant wys Dugmore daarop dat sommige Blankes op hulle beurt ook misbruik gemaak het van die situasie. Die spanning tussen werkgewers en werknemers is aangeblaas deur lae besoldiging, hardhandige en onregverdige optrede. Geringe teenstand was dikwels as aanvalle teen die Blankes aangemeld. Beuselagtige besware teen

---

7 C. Dugmore, *A threat to property and lives...*, p.1.

8 Sentrale Argiefbewaarplek (SAB), Pretoria, GG, band 337, Brief Stadsklerk Krugersdorp-Goewerneur-Generaal, 30 Jul. 1913 en GG, band 330, Brief Sekretaris van besigheidskamer-Goewerneur-Generaal, 24 Jun. 1913. C. Dugmore, *A threat to property and lives...*, pp 1-15. L. Callinicos, *Gold and Workers 1887-1924, A people's history of South Africa,* Vol.1, p.48. Kyk ook Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingsleêr P7, *Polisie*, sd.

Swartmense was aan die orde van die dag, byvoorbeeld Swartmense mag nie saam met Blankes op sypaadjies loop nie en Swartkinderoppassers van Blanke kinders mag nie op die "slegs Blanke" banke in die park sit terwyl kinders in die park speel nie.[9]

Die Swart-gevaar is ook op politieke terrein bekamp. Die algemene beleid van segregrasie het Swartmense beperk tot lokasies, waar hulle kom en gaan deur 'n verskeidenheid paswette beheer en ingeperk is. Die posisie van Swartmense onder die passtelsel aan die Rand kan soos volg saamgevat word: By die vertrekpunt moes die Swartmense 'n pas by die grondeienaar kry om na die naaste poskantoor te gaan, waar hy 'n reispas bekom het. By sy aankoms aan die Rand, is 'n tydelike pas, wat vir ses dae geldig was, aan hom uitgereik sodat hy werk kon soek. Nadat hy werk gekry het, is 'n pas uitgereik vir die duur van sy dienstermyn. Hierdie pas het in die besit van die werkgewer gebly. Hy moes ook maandeliks 'n ander pas bekom vir solank as wat hy hom aan die Rand bevind het, as bewys van sy residensiële status. As werknemer moes hy 'n pas by sy werkgewer kry wanneer hy wou gaan kuier, of die perseel van die werkgewer verlaat het. 'n Verdere pas was nodig as hy tussen 21h00 en 04h00 op straat sou wees. Na sy ontslag, moes hy weer 'n reispas bekom sodat hy na sy aanvanklike adres kon terugkeer, waarna die prosedure van vooraf begin het.[10]

Die paswette het vir alle Swartmense wat na die Rand gekom het, gegeld. Die dra van passe het oneindig baie frustrasie vir die Swartmense beteken. Veral die reëling wat vereis het dat Swartmense na 21h00 nie op straat sonder 'n spesiale pas mag verskyn nie, het probleme opgelewer. Baie Swartmense het hierdie regulasie oortree. 'n Swartmense wat sonder 'n geldige toepaslike pas deur die polisie betrap is, is in hegtenis geneem, wat 'n buitengewone las op die howe geplaas het. Die benadering van die polisie was volgens Venter om misdaadvoorkomend op te tree omdat hulle uit ondervinding geleer het dat

9 C. Dugmore, *A threat to property and lives...*, pp.1-15.

10 A.J. Potgieter, *Die Swartmense aan die Witwatersrand, 1900-1933*, pp.78-86. L. Callinicos, *Working life 1886-1940, Factories, Townships an popular culture on the Rand, A people's history of South Africa*, Vol.2, pp.212,213. B. Modisane, *Blame me on history*, pp.104-105.

mense wat sonder genoegsame rede snags in die strate rondloop, en geen dokumentêre bewys van sy identiteit het nie, klaarblyklik leegleêrs was en daarom ook potensiële misdadigers. Die plig van misdaadvoorkoming was om die potensiële wetsoortreders in hegtenis te neem, al is dit op grond van 'n geringe regsoortreding, voordat die individu tot ernstige misdade oorgaan.[11]

Die polisie het dikwels in die nag klopjagte gehou, wat deur die meeste Swartmense verwerp is as gevolg van die brutaliteit waarmee sommige van die klopjagte uitgevoer is. Die volgende statistiek het betrekking op die uitreik van passe in Munsieville gedurende Mei 1957:[12]

| | |
|---|---|
| Aantal besoekerspermitte uitgereik: | 17 173 |
| Aantal woonpermitte uitgereik: | 2 802 |
| Aantal werkpermitte uitgereik: | 723 |
| Aantal Blankes sonder permitte in lokasie gevang: | 27 |
| Aantal Swartmense sonder permitte gevang: | 74 |

In die toepassing van die instromingsbeheermaatreëls is drie Blanke mans en twintig Swartmense tydens 'n klopjag in Oktober 1957 in die woongebied vir Bruinmense gearresteer. Elke gevangene is met £5 (vyf pond) of dertig dae tronkstraf beboet omdat hulle nie die nodige permitte gehad het nie.[13]

Bloke Modisane het hom uitgespreek teen die absurde paswetbepaling wat vereis het dat sodra 'n seun agttien geword het, hy 'n pas moes kry om by sy ouers in te woon; anders het hy 'n kriminele oortreding begaan.[14] Die gemeenskap van Munsieville het reeds in 1946 gevra dat die uitreik van passe aan jeugdiges afgeskryf moet word.[15] Die Kleurling Adviesraad het in 1957 vrae rondom die uitreiking van besoekerspermitte met die Stadsraad opgeneem omdat daar na hulle mening gediskrimineer is teen sommige

---

[11] H. Venter, *Kriminologie. 'n Handleiding vir studente in kriminoligie*, p.123.

[12] TAB, Pretoria, MKR, band 2/3/2/580, *Maandverslag Bestuurder Departement Nie-Blanksake*, Mei 1957.

[13] TAB, Pretoria, MKR, band 2/3/2/58, korrespondensieleêr C19, *Maandverslag Superintendent woongebied vir Bruinmense*, Okt. 1957.

[14] B. Modisane, *Blame me on history*, p.104; Sentrale Argiefbewaarplek (SAB), Pretoria, UG, 47/1950., *Report on the Commission appointed to enquire into acts of violence committed by natives at Krugersdorp, Newlands, Randfontein and Newclare*, 22 Mrt. 1950, p.5.

[15] TAB, Pretoria, MKR, band 1/3/2/1/24, Uittreksel uit notule *Public Health and Non-European Affairs Committee*, 13 Mei 1946.

inwoners. Ses gesinne van oudsoldate uit die Tweede Wêreldoorlog het na hulle terugkeer van die oorlogsfront in munisipale huise teen verlaagde tariewe gewoon, terwyl die res van die inwoners 'n verhoogde huurgeld moes betaal. Die "oplossing" van die Kleurling Adviesraad was dat die Stadsraad die heffing op die uitreik van permitte afskaf en dat al die huurders van munisipale huise dieselfde, verhoogde, huurgeld moes betaal.[16] Die Stadsraad het nie aan die versoeke van die betrokke gemeenskappe gehoor gegee nie, omdat die heffing in die Naturelle-inkomsterekening inbetaal moes word.

Nie-Blanke vroue het nie nodig gehad om passe te dra nie. Die Naturellestadsgebiedewet van 1930 het bepaal dat 'n plaaslike owerheid by die Goewerneur-Generaal aansoek kon doen om die aandklokreël ook op Nie-Blanke vroue van toepassing te maak. Die Krugersdorp Stadsraad het in 1949 besluit om die registrasie van dienskontrakte by die Departement Naturellesake oor te neem. 'n Gerug is versprei dat, sodra die Stadsraad die funksie oorgeneem het, Nie-Blanke vroue voortaan ook passe sou moes dra. Die gerug het daartoe gelei dat Swartmense in die algemeen die oorname van die registrasiefunksie deur die Stadsraad, verwerp het. Die gevolg was dat geweld op groot skaal in Krugersdorp uitgebreek het toe dit bekend word dat die oorname 'n voldwonge feit was. Die geweld is aangewakker deur die brutale optrede van die polisie. Die uitbreek van geweld in Krugersdorp het saamgeval met die voorkoms van geweld in Randfontein, Newlands en Newclare in Johannesburg, alhoewel daar geen direkte verband tussen die verskillende gebiede was nie. Die Kommissie van Ondersoek na die geweld het bevind dat 'n groeiende antagonisme teen Blanke regeringstrukture as die oorheersende oorsaak vir die uitbreek van die geweld gesien kan word.[17] Jeugbendes wat veral beswaar gehad het teen die feit dat hulle passe moes dra om by hulle ouers in te woon sodra hulle ouer as agttien jaar is, is as die aanhitsers van die geweld in Krugersdorp gesien. Die sogenaamde "tsotsi"-bendes was bekend vir hulle wetteloosheid, verwerping van ouerlike gesag en

---

16 TAB, Pretoria, MKR, band 2/3/2/58, korrespondensieleêer C19, Brief President Kleurling Adviesraad-Stadsklerk, 18 Mrt. 1957.

17 SAB, Pretoria, UG, 47/1950, *Report on the Commission appointed to enquire into acts of violence...*, pp.4-6 & 12.

militante optrede.[18] Die anti-sosiale optrede van die tsotsi's het hulle volkome van die res van die gemeenskap, en selfs van hulle familie, afgesny. Die tsotsi's was straatbendes wat deur die gemeenskap verwerp is. Hulle was in die oë van die gemeenskap misdadigers - en nie wanaangepaste jeugdiges nie. Selfs die African National Congress het nie probeer om van hierdie jeugdiges vir hulle Jeugliga te werf nie. Die Jeugliga is in 1944 gestig deur 'n groep jeugdiges en jongmanne met 'n beter skolastiese opvoeding. Die Jeugliga het daarna 'n betekenisvolle rol in die (Swart) politiek van die land gespeel. Van die Jeugliga skryf Nelson Mandela dat "...the basic policy of the league did not differ from the ANC's first constitution in 1912. But we were reaffirming and underscoring those original concerns, many of which had gone by the wayside. African nationalism was our battle cry, and our creed was the creation of one nation out of many tribes, the overthrow of white supremacy, and the establishment of a truly democratic form of government."[19] Duisende Swartjeugdiges het in die jare na 1944 in die politiek 'n uitlaatklep vir hulle frustrasies gevind en veral sedert die sewentigerjare met oorgawe aan die politieke opstand en uitbreke van geweld deelgeneem - 'n nuwe vorm van "misdaad".

Die geweld het dikwels gepaard gegaan met dade van terrorisme wat veral in die laat sewentiger- en tagtigerjare 'n aktuele probleem in Suid-Afrika was. Krugersdorp het ook sy dade van terrorisme beleef. In 1982 was daar byvoorbeeld 'n mislukte voorval by die Windsorstasie naby Krugersdorp waartydens 'n terroris homself met 'n handgranaat in die lug geblaas het net voordat 'n trein vol pendelaars die stasie ingestoom het. 'n Tweede vermeende terroris het op vlug geslaan, maar hy is deur die polisie nie ver van die stasie af doodgeskiet.[20] Geweld het in in 1976 sporadies in Kagiso en Munsieville voorgekom na aanleiding van die onluste in Soweto. Studente het by verskeie geleenthede betoog. Die biersaal en klaskamers by twee skole in

---

18 SAB, Pretoria, UG, 47/1950, *Report of the commission to enquire into acts of violence...*, p.6.

19 L. Callinicos, *A place in the city, The Rand on the eve of Apartheid, A people's history of South Africa*, Vol.3, pp.58-59. N. Mandela, *The illustrated long walk to freedom, The autobiography of Nelson Mandela*, p.36.

20 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingsleêr T4, koerantknipsels insake dade van terrorisme in Krugersdorp, 1976-1988.

Kagiso is afgebrand. Klipgooiery het algemeen voorgekom. Die Stadsraad het sy kommer oor die onluste uitgespreek en besluit om nie die beskadigde voorrade in die klinieke te vervang nie.[21]

Die voorkoms van misdaad onder Swartjeugdiges aan die Witwatersrand het in die dertigerjare kommerwekkende afmetings aangeneem. Volgens 'n ondersoek van die Johannesburgse Departement van Nie-Blanksake, was daar in 1937/8 'n toename in jeugmisdaad van 63.8%. Die verslag meld verder dat 82.4% van die jeugdiges in die Diepkloof Verbeteringskool skuldig was aan misdade soos diefstal, inbraak en rowery. Hierdie misdade word gewoonlik geassosieer met armoede en swak maatskaplike toestande.[22]

Gesinsdisintegrasie as gevolg van verstedeliking is een van die grondoorsake van jeugmisdaad. Verskeie faktore het tot die disintegrasie van die gesin bygedra. Die gebroke gesinstruktuur as gevolg van die trekarbeidstelsel het 'n hele geslag jeugdiges sonder 'n vader en vaderlike leiding en tug laat opgroei. Die latere stadwaartse trek van die gesin het die jeugdige vir 'n tyd lank as 'n losstaande enkeling, sonder sy vroeëre groepsverbande, in 'n vreemde, vyandige wêreld gelaat. Bendevorming het dikwels in die ontspoorde jeugdiges se behoefte aan sekuriteit, erkenning, vryheid en kameraadskap voldoen. Die bende het die plek van die gesin ingeneem en onder groepsdruk het die jeugdiges hulle tot misdaad gewend om in hulle, en dikwels ook in die gesin, se maatskaplike behoeftes te voorsien.[23]

Die gesinslewe was ook ernstig benadeel deur die toepassing van wetgewing. In 1937 was 90% van die Swartmense in Suid-Afrika in die howe veroordeel weens statutêre oortredings, byvoorbeeld die paswette, drankwet, belastingwetgewing en munisipale regulasies. Van die 479 823 (vierhonderd nege-en-sewentig duisend agthonderd drie-en-twintig) veroordeeldes in die Suid-

---

21 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, *West Rand Times*, 30 Jun. 1976. 30 Aug. 1976, 13 Aug. 1976. Kyk ook bespreking in hoofstuk vyf insake die klinieke en hoofstuk tien insake skade aan die skole.

22 TAB, Pretoria, MKR, band 2/3/1/211, korrespondensieleêr L23, *Findings and reccomendations of a conference...*, p.2.

23 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, S.P. Naude, *Verslag oor die Sosio-ekonomiese omstandighede van die Bantoebevolking van Krugersdorp, 1968/69* (ongep. studie, Krugersdorp Stadsraad, 1969), p.87. H. Venter, *Jeugmisdaad...*, pp.159-163.

Afrikaanse howe was 71 000 (een-en-sewentigduisend) ten opsigte van belasting oortredings, 67 500 (sewe-en-sestig duisend vyfhonderd) het die paswette oortree en 49 500 (nege-en-veertigduisend vyfhonderd) een of ander munisipale regulasie. Dit het dikwels gebeur dat een of beide ouers tydens klopjagte in hegtenis geneem is, wat die jeugdiges aan hulleself oorgelaat het. Baie van die jeugdiges het hulle in hierdie omstandighede tot hulle bendevriende gewend.[24]

Armoede is 'n belangrike bydraende faktor tot die voorkoms van misdaad. Baie gesinne het, veral in die dertigerjare as gevolg van die ekonomiese depressie, na die stad verhuis om daar 'n heenkome te vind. Omdat die vader dikwels geen geskoolde ambag of stedelike beroep geken het nie, is hy noodgedwonge aangewys op ongeskoolde arbeid, wat laag besoldig word. Om in die onderhoud van die gesin te help voorsien, het vroue al hoe meer tot die arbeidsmark toegetree. Maar ook hulle moes tevrede wees met werk teen 'n lae besoldiging. Daarby is die maatskaplike toestande van so 'n aard dat beide ouers soggens vroeg, dikwels voor sonop, die huis verlaat, om saans laat teen sononder terug te keer. In hierdie omstandighede is kinders dikwels bedags aan hulleself oorgelaat. Alhoewel die kinders nie noodwendig verwaarloos word nie, is armoede vandag nog in Kagiso, Munsieville en Swanieville dieselfde aktuele maatskaplike vraagstuk as wat dit in die dertigerjare was.[25]

Diefstal van veral voedsel word met armoede geassosieer. Jeugdiges het hulle ook tot dobbelary gewend om die karige inkomste van die gesin aan te vul. Die konferensie wat oor jeugmisdaad in Johannesburg gehou is[26], het reeds in 1937 bevind dat beter salarisse aan Swartmense betaal moes word, dat beperkinge op die lewering van geskoolde arbeid deur Swartmense, opgehef moes word. Die Konferensie was ook voorstanders van 'n beter

---

24 TAB, Pretoria, MKR, band 2/3/1/211, korrespondensieleêr L23, *Findings and recommendations of a conference...*, p.6.

25 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, *Community profile Kagiso, Munsieville en Swaneville (Rietvallei)*, 1996.

26 Die Krugersdorp Munisipaliteit was op die konferensie verteenwoordig deur die Stadsklerk en 'n Raadslid.

onderwysstelsel vir Swartjeugdiges sodat hulle beter vir die arbeidsmark toegerus kon word.[27]

Die versorging en beskerming van kinders is een van die eerste sosiale probleme wat die Sentrale Regering na Uniewording aangespreek het. Die *Wet ter beskerming van Kinderen* van 1913 het riglyne neergelê vir die versorging, behandeling van kinders en jeugdige oortreders. Hierdie bepalinge is in die Kinderwet van 1937 uitgebrei. Die dienste en hantering van sorgbehoewende, verwaarloosde, wanaangepaste en misdadige kinders en jeugdiges is sedertdien deur die Departement Volkswelsyn hanteer. Onder die nuwe wetgewing is daar nie net met die kind gehandel nie, maar die grondoorsake van die probleem is ook aangespreek. Ouers en voogde is tot verantwoordelikheid geroep vir die handelinge van hulle kinders. Staatsveiligheidsplekke is ook tot stand gebring omdat dit nie gewens was om jeugdiges saam met volwasse gevangenesse aan te hou nie. In 1937 was 15 902 (vyftienduisend negehonderd-en-twee) Swartjeugdiges onder die ouderdom van 21 jaar in die Pretoria-Witwatersrand-Vereeniginggebied in tronke aangehou teenoor 273 (tweehonderd drie en sewentig) Blanke jeugdiges.[28]

'n Stigma het aan die Nywerheidskole (Verbeteringskole), wat reeds in 1889 ontstaan het, gekleef as gevolg van die aantal jeugmisdadigers wat daarheen verwys is.[29] *Spackman House* in Krugersdorp was 'n sentrum vir Blanke seuns met maatskaplike aanpassingsprobleme en jeugmisdadigers. Die sentrum is bedryf deur die Krugersdorp Rotary Club. Die sentrum het tot in die vyftigerjare as 'n rehabilitasiesentrum vir jeugmisdadigers gefunksioneer.[30]

---

27 SAB, Pretoria, MKR, band 2/3/1/211, korrespondensieleêr L23, *Findings and recommendations of a conference*, pp.2,3.

28 A.T. Winkler, *Volkswelsynsbeleid. 'n Sosiaal-historiese studie van tendense in die Suid-Afrikaanse Volkswelsynsbeleid, 1910-1966*, pp.31 & 36. SAB, Pretoria, MKR, band 2/3/1/211, korrespondensieleêr L23, *Findings and recommendations of a conference...*, p.14.

29 A.T. Winkler, *Volkswelsynsbeleid...*, p.33.

30 Verwys na hoofstuk sewe vir besonderhede aangaande die Krugersdorp Rotary Club. Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingslêer R10, *Krugersdorp Rotary Club*, sd.

Jeugmisdaad was nie net tot Swartjeugdiges beperk nie. Blanke jeugdiges het hulle ook tot misdaad gewend. Dieselfde maatskaplike redes geld vir beide Swart- en Blanke-jeugdiges. Die onderstaande tabel gee die veroordelingsyfer vir jeugmisdadigers in Suid-Afrika per 10 000 van die totale bevolking vir 1966/67.

| **JEUGMISDAAD IN SUID-ARIKA : 1966/67 (Veroordelings per 10 000 van die totale bevolking)** | | | |
|---|---|---|---|
| **Etniese groep** | **Ouderdomsgroep** | | |
| | **7 tot 17 jaar** | **18 tot 20 jaar** | **totaal 7-20 jaar** |
| Blankes | 5.60 | 14.80 | 20.40 |
| Bruinmense | 50.70 | 92.09 | 142.79 |
| Swartmense | 21.02 | 30.12 | 51.14 |
| Indiërs | 8.72 | 18.97 | 27.69 |

**Figuur 53**

Bogenoemde jeugmisdadigers het hulle hoofsaaklik skuldig gemaak aan die misbruik van drank en verdowingsmiddels, aanranding, diefstal van motorvoertuie en vuurwapens, huisinbrake en oortreding van padverkeerswette.[31]

Die politieke isolasie van Suid-Afrika, het die land nie gevrywaar van dwelmhandel en -misbruik nie. Jeugdiges het in die sestiger- en sewentigerjare 'n ernstige aanslag van dwelmgebruik in verskillende vorme beleef. Selfs leerlinge in plaaslike skole is gekonfronteer met dwelms wat in die gom van oënskynlike skadelose tattoeërplakkers versteek was. 'n Berig in die *Krugersdorp News* van 22 September 1989 waarsku jeugdiges teen die "Blue Star", "Red Pyramid", "Micro Dot" en plakkers van Disneykarakters. Ouers wie se kinders deur die dwelmaanslag in 1989 verslaaf is, het 'n ondersteuningsgroep, "Toughlove", gestig om mekaar te ondersteun, maar ook om gesamentlik teen die verspreiding van dwelms te veg.[32]

---

31 G. Cronje, P.J. van der Walt, ea., *Die jeugoortreder in die gemeenskap,* pp.311,312.

32 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingsleêr D14, *Krugersdorp News*, 22 Sept. 1989.

Ledigheid en 'n gebrek aan ontspanningsgeriewe toon 'n noue verband met die voorkoms van jeugmisdaad. In 'n poging om jeugdiges, veral seuns, "van die strate en weg van kattekwaad" te hou, is 'n seunsklub in die dertigerjare in Wes-Krugersdorp gestig. Die doel van die klub is om die seuns deur middel van sport besig te hou.[33] Die stigting van sosiale klubs vir seuns was ook 'n aanbeveling van die Konferensie oor jeugmisdaad onder stedelike Swartjeugdiges. Die Konferensie het 'n beroep op munisipaliteite gedoen om inisiatief te neem in die stigting van vrywillige organisasies waar jeugdiges, veral seuns, konstruktief in hulle vrye tyd besig gehou word.[34]

'n Lae opvoedingspeil, onvoldoende skoolgeleentheid en 'n gebrek aan werksgeleenthede vir skoolverlaters onder Swartjeugdiges bevorder ledigheid. Swak, onvoldoende en oorvol woonomstandighede dwing jeugdiges uit die huis na die strate, waar hulle hulle tot groepvorming wend en dikwels in misdadige aktiwiteite betrokke raak. Die konferensie oor die voorkoms van jeugmisdaad onder stedelike Swartjeugdiges het reeds in 1938 aanbeveel dat munisipaliteite groter wooneenhede aan die Swartinwoners moet voorsien, omdat die tweevertrekhuise wat in hierdie periode voorsien was, nie voldoende leefruimte aan die gesin voorsien het nie. Die Konferensie het ook aanbeveel dat munisipaliteite die werklose jeugdiges gebruik om die huise te bou, want dit sal nie net die boukoste laag hou nie, maar ook aan die jeugdiges die nodige vaardigheidsopleiding verskaf. Verbetering van die woongebiede en die ontwikkeling van parke en sportfasiliteite is ook bepleit.[35] Die Krugersdorp Stadsraad het nie hierdie aanbevelings opgevolg nie, want in die vyftigerjare is hoofsaaklik tweevertrek-wooneenhede deur hulle opgerig tydens die ontwikkeling van Kagiso.

Ledigheid en die feit dat Swartmense uitgesluit was van die normale stadslewe, saam met 'n gebrek aan sport- en ontspanningsgeriewe hou

---

33 Die sportaktiwiteite van die seunsklub word in hoofstuk agt bespreek.

34 TAB, Pretoria, MKR, band 2/3/1/211, korrespondensieleêr L23, *Findings and recommendations of a conference...*, p.14.

35 TAB, Pretoria, MKR, band 2/3/1/211, korrespondensieleêr L23, *Findings and recommendations of a conference...*, pp.3,4.

verband met hulle misbruik van drank. Dronkenskap is die belangrikste oorsaak vir misdade soos aanrandings, moorde en verkragting. Reeds in 1912 is bereken dat drank in 90% van die veroordelings aan die Witwatersrand die aanleidende oorsaak was. Die onwettige besit en gebruik van drank het baie groter afmetings aan die Witwatersrand gehad as in die res van die land. Die volgende tabel gee statistiek met betrekking tot Swartgevangenes in Randse tronke wat hulle in 1922 aan drankoortredings skuldig gemaak het.

| SWARTGEVANGENES IN RANDSE TRONKE : 1922 | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| **Dorp** | **Totale aantal** | | **Drankoortreders** | | **% Drankoortreders** | |
| | **Mans** | **Vroue** | **Mans** | **Vroue** | **Mans** | **Vroue** |
| Johannesburg | 11783 | 1304 | 2336 | 830 | 19.08 | 63.40 |
| Boksburg | 1296 | 460 | 128 | 422 | 9.09 | 91.70 |
| Germiston | 606 | 200 | 163 | 150 | 26.09 | 75.00 |
| Krugersdorp | 735 | 132 | 79 | 110 | 10.07 | 83.30 |
| **TOTAAL** | **14420** | **2101** | **2706** | **1512** | **16.83** | **78.35** |

**Figuur 54**

Wanneer die drankoortredings van 1922 ontleed word, dan is twee vroue in Krugersdorp vir die verkoop van drank veroordeel, eenhonderd-en-drie vir die onwettige besit van drank en vyf weens dronkenskap.[36]

Die feit dat die Krugersdorp Stadsraad deur middel van biersale drank aan Swartmense verkoop het, is in hoofstuk drie bespreek. Die bedrag wat Swartmense op drank spandeer is onrusbarend hoog. Volgens die burgemeestersverslag van 1971 bedra die omset van drankverkope in die vorige jaar R1 025 623-51. Die omset van die munisipale biersale vir 1969 en 1970 word in die onderstaande tabel weergegee:[37]

| OMSET VAN DRANKVERKOPE MUNISIPALE BIERSALE | | |
|---|---|---|
| **Klassifikasie** | **1969** | **1970** |
| Kafferbier | R611 793-50 | R618 477-75 |
| Europese drank[38] | R361 218-83 | R417 145-76 |
| **Totaal** | **R973 011-33** | **R1025 623-51** |

**Figuur 55**

36 A.J. Potgieter, *Die Swartmense aan die Witwatersrand, 1900-1933*, pp.369,377.

37 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, *Verslag van die edelagbare burgemeester vir die tydperk geeïndig 16 Maart 1971*, p.9.

38 "Europese drank" verwys na gebottelde drank wat vandag by drankwinkels gekoop kan word in teenstelling met die "Kafferbier" wat tuisgebrou is.

Die Naturellestadsgebiedewet van 1923 het Swartmense verbied om enige alkoholiese drank te vervaardig, te verkoop of te besit. Die Swartmense was verplig om hulle drank by die munisipale biersale te koop.

Oortredings van die drankwette het tot die grootste aantal arrestasies gelei. Desnieteenstaande het die "shebeen queens" 'n florerende bedryf in die maak van kafferbier en ander alkoholiese drank gehad. Volgens Potgieter was daar vyf soorte drank wat deur die Swartmense self gebrou is. "Skop" is by die verskillende konkoksies gevoeg deur die byvoeging van brandspiritus of ander gefortifiseerde dranksoorte. Baie Blankes het onwettig aan Swartmense drank verkoop. Hulle het meestal van 'n Swart-tussenganger gebruik gemaak om die drank aan kliënte te besorg. In 1912 is 839 Blankes vir hierdie oortreding in die Witwatersrand gevonnis en 1237 in 1932.[39] In Krugersdorp is 31 Blankes in 1926 vir die onwettige verkoop van drank gevonnis. Hiervan het 28 skuldig gepleit. In 17 van die gevalle is die Swartkoper ook gevonnis vir sy aandeel in die transaksie.[40]

Volgens die Burgemeestersverslag van 1912 was 'n groot hoeveelheid drank in die Swartwoongebied gekonfiskeer. Die pasaangestelde lokasiesuperintendent het die munisipale regulasies streng toegepas in 'n poging om die onwettige handel in alkoholiese drank onder beheer te bring.[41] Die drank is deur die polisie tydens arrestasie gekonfiskeer en na die hofsaak een keer per maand onder toesig van die Distrikskommandant vernietig. Leë bottels is verkoop ten bate van die staatskas.[42] Klopjagte is gereeld in Krugersdorp deur die polisie uitgevoer om die onwettige drankhandel te bekamp. Die volgende opgawe van drank wat in September 1955 in Krugersdorp gekonfiskeer en vernietig is, kom in die maandverslag van die Munsieville polisie voor:[43]

---

39 A.J. Potgieter, *Die Swartmense aan die Witwatersrand*..., p.370. L. Callinicos, *Working life 1886-1940*..., pp.212,213.

40 SAB, Pretoria, JUS, band 419, verw. 3/113/26, Brief Kommissaris van Polisie-Sekretaris van Justisie, 5 Febr. 1926.

41 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, *Mayor's minute for the year ending 31 October 1912*, p.97.

42 SAB, Pretoria, SAP, band 47, verw. CONF8/151, *Verslag Onwettige drankhandel*, 1908.

43 TAB, Pretoria, MKR, band 2/3/2/57, korrespondensieleêr C19, *Maandverslag Police Overseer*, Sept. 1955.

| | |
|---|---|
| Kafferbier: | 364 gallon (1654.78 liter)[44] |
| Konkoksies:[45] | 118 gallon (536.44 liter) |
| Brouersgis: | 4 koekies |
| Mout: | 3 pakkies |
| Brandewyn: | 1 bottel |

Die filantroop R.E. Phillips van die American Zulu Mission in Johannesburg het 'n groot aantal faktore wat misdaad onder Swartjeugdiges bevorder, in die dertigerjare uitgesonder. Volgens hom is dit moeilik om Suid-Afrika misdaadvry te maak en kan die misdaadprobleem aangespreek word as:

- Behuising van gehalte aan Swartmense voorsien word wat veilige gesinsstrukture en 'n ekonomiese bestaan bevorder. Swartmense moet trots wees op hulle huise in die stad.
- Die Suid-Afrikaanse tronkstelsel moet opgegradeer word. Almal wat in die tronke opgesluit word, is nie kriminele nie. Baie is statutêre oortreders. Dit is belangrik dat die misdadiger en die statutêre oortreder nie in die tronke meng nie, omdat eersgenoemde die "nie-kriminele oortreders" tot misdadige dade kan beïnvloed.
- Jeugdiges moet nie saam met volwassenes in dieselfde gevangenis aangehou word nie.
- Die stelsel van direkte belasting moet hersien word. Nie-betalers moet nie in die tronke gestop word nie, maar aangewend word om harde padwerk te verrig.
- Drankmisbruik is een van die grootste oorsake van jeugmisdaad. Nie net die ouers, maar ook jeugdiges misbruik drank in Munisipale Biersale en die sogenaamde Kaffir Eating Houses. Dronkenskap, maar ook sluikhandel in alkoholiese drank moet met konstante wetstoepassing beheer word.
- Geen onderskeid moet gemaak word tussen verbeteringskole vir Blanke- en Swartjeugdiges nie. Dieselfde reëls moet geld vir sowel Blanke- as Swartverbeteringskole. Verbeteringskole moet vanaf die

---

44 *Keartland's metrieke omsettingstabelle*, Een gallon is 4,54609 liter, tabel 23.

45 "Konkoksies" verwys na alkohol met byvoegings soos spiritus of ander "gefortifiseerde" alkohol.

Departement Gevangeniswese na die Departement van Onderwys oorgeplaas word.

- Voorsien genoeg uitlaatkleppe vir die energie van die jeug. Voorsien in die behoefte aan sport- en ontspanningsgeriewe om die eentonige lewe in die lokasies te verander.
- Die openbare mening oor jeugmisdaad moet verander word. Die mispersepsie dat slegs Swartjeugdiges misdade pleeg, moet verander word.[46]

Met die laaste opmerking het Phillips seker een van Suid-Afrika se grootste misverstande met betrekking tot misdaad aangeraak. Die feit dat daar meer misdaadveroordelings is ten opsigte van Nie-Blankes as vir Blankes, beteken nie dat die Swartmense en Bruinmense inherent meer tot misdaad geneig is nie. Daar is geen verband tussen ras of etniese groepering en misdaad nie, maar wel die besondere aard en lotgevalle van die individu in samelewingsverband. Misdaadverskille tussen Blankes en Nie-Blankes moet verklaar word aan die hand van die algemene sosio-ekonomiese en opvoedkundige omstandighede van die individu, sy algemene lewenspeil en sy plek, rol en status in die gemeenskap.[47]

Die Swartmense, Indiër en Bruinmens het histories as gevolg van die politieke beleid nie dieselfde geleenthede gehad as die Blanke nie. Alhoewel daar baie ooreenkomste is in die lewe en ervarings van Blanke en Nie-Blankes in die stad, wys Callinicos daarop dat die grootste verskil tussen Blankes en Nie-Blankes geleë is in die politieke bevoorregte posisie van die Blanke. Van owerheidsweë het die Blanke toegang tot 'n verskeidenheid welsynsorganisasies, gratis onderwys, gesubsideerde laekostebehuising en hulpskemas. Daarby was geskoolde en semi-geskoolde werk wat 'n groter inkomste beteken het, vir Blankes gereserveer. Die Swartmense, Bruinmense en Indiër het nie hierdie voorregte geniet nie. Hulle lewensomstandighede was deur 'n verskeidenheid wetgewing en regulasies ingeperk.[48] Misdaad was

---

46 R.E. Phillips, *The Bantu in the City,* pp.226-247.

47 G. Cronje, P.J. van der Walt, ea. *Die jeugoortreder in die gemeenskap,* p.312. H. Venter, *Kriminologie...*, pp.111-126.

48 L. Callinicos, *A place in the city..*, pp.4-12.

dikwels die enigste uitweg om in hierdie bevolkingsgroepe se lewensbehoeftes te voorsien, of om hulle lewenskwaliteit te verbeter. Die oorskakeling na 'n lewe in die stad met sy luukse en weelde het by sowel die Blanke as die Nie-Blanke die begeerte gewek om materiële goedere te bekom waarvoor hy nie betaal het nie. Die gevolg is misdade soos diefstal, inbrake, roof, plundery en geweldpleging. Om op die besittings van andere te teer, is 'n maklike uitweg tot selfverryking. Die voorkoms van misdaad is volgens Venter groter onder Nie-Blankes as Blankes as gevolg van verwestering en die stedelike Swartmense se aanvaarding van die Blanke se materiële kultuurgoedere. Die aanvaarding van die Blanke se materiële kultuur het baie gouer plaasgevind as assosiasie met die Blanke se geestesgoedere.[49]

## 11.2 POLISIEDIENS

Polisiëring is 'n magshandeling van die staat om wet en orde te handhaaf in ooreenstemming met die regsbevoegdheid en grondwetlike beginsels van die individu. Die gedelegeerde taak om wet en orde te handhaaf en toesig te hou oor die wyse waarop die landswette uitgevoer en toegepas word, behoort aan die Suid-Afrikaanse Polisiediens.

Polisiëring behels sosiale beheer. In hierdie sin is dit 'n samelewingsfunksie waarin misdaadvoorkoming 'n belangrike rol speel. Samelewingsorde is 'n basiese patroon van onderlinge harmonieuse naasbestaan. Dit berus op 'n stel wette wat gedragslyne vir die individu voorskryf. Die blote bestaan van hierdie gedragslyne waarborg nie gedragskonformasie nie, maar wel die wyse waarop dit toegepas word. Die misdaadvoorkomingsrol van die polisie is hoofsaaklik geleë in die wyse waarop hulle toesig hou oor die wyse waarop die gedragslyne toegepas word, en om oortreders uit die samelewing te verwyder. Die periode van "verwydering" word deur die howe bepaal. "Verwydering" uit die samelewing gaan gepaard met 'n bepaalde strafbepaling. Die periode van "verwydering" word deur die regstelsel bepaal in ooreenstemming met die riglyne wat in die bepaalde wette neergelê is.

---

49 H. Venter, *Kriminologie...*, pp.111-126. Kyk ook SAB, Pretoria, UG, 61/1955, *Summary of the report of the Commission for the socio-economic development of the Bantu areas within the Union of South Africa*, p.10.

Verwydering uit die samelewing impliseer dikwels gevangenissetting as die hof 'n persoon skuldig bevind aan 'n oortreding van die gedragslyne van 'n wet. Die hoofdoel van gevangenissetting is die veilige bewaking van die gevangene om die gemeenskap teen die gevolge en 'n herhaling van die oortreding te beskerm, maar ook om aan die gevangene opleiding te verskaf tot gedragskonformasie, tot sy eie en die gemeenskap se voordeel.

Robert Gerrit Ockerse was die eerste regsbeampte in Krugersdorp. As mynkommissaris vir die Krugersdorpse goudvelde, moes hy ook as vrederegter optree en die wet en orde op die delwerye handhaaf. Sersant Frederick Tossel van die ZARP, het in 1888 die polisiëringsfunksie by Ockerse oorgeneem. Hy het die polisiekorps dadelik tot ses man vergroot omdat die polisiedistrik so groot en uitgestrek was. Die aanvanklike polisiedistrik het vanaf Langlaagte tot by Gatsrand gestrek en vanaf die Heidelbergdistriksgrens tot aan die Rustenburgdistriksgrens.[50]

Tossel het in 1889 wêreldbekend geword vir sy heldhaftige optrede in die gevangeneming van Standard Bank-bankrower, Suid-Afrika se eerste bankroof. Tossel is hierna tot luitenant bevorder. Hy het ook 'n goue horlosie as erkenning van die Standard Bank ontvang. Hy is in 1895 bevorder tot hoofspeurder in Johannesburg. Uit erkenning vir sy dienste het die Krugersdorpers 'n adres en £500 (vyfhonderd pond) aan Tossel oorhandig met sy vertrek.[51]

Luitenant Sarel Eloff, 'n kleinseun van President Paul Kruger, het Tossel as hoof die ZARP in Krugersdorp oorgeneem (foto no.97). Eloff was soos voorganger spoedig na sy aankoms in Krugersdorp wêreldwyd bekend vir sy heldhaftige optrede tydens die Jamesoninval in 1896 (kyk hoofstuk twee).

Die Regering het in 1896 besluit om 'n polisiestasie in Krugersdorp te bou. Die tender is op 24 April 1896 aan L. de Waard toegeken. Die hoeksteenlegging is op 28 Januarie 1897 deur Luitenant Eloff waargeneem.

---

50 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingsleêr P7, *The policeforce in Krugersdorp 1887-1896.*

51 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, *Krugersdorp, The fighting dorp. Capital of the West Rand, 1887-1937*, p.KG13.

Die *Transvaal Sentinel* berig vollediger oor die gebeure. Die berig is liries oor die pragtige gebou waarvan die argitektuur besonder goed is en gewoonlik nie by polisiestasies van die tyd aangetref is nie. Die polisiestasie het voorsiening gemaak vir 'n aanklagkantoor en kantoorruimte vir klerklike personeel, asook woonkwartiere vir sestig man, en 'n perdestal vir 24 perde. Die gebou is in 1972 deur 'n nuwe polisiestasie vervang. Die ou polisiestasie is vandag nog, alhoewel baie verwaarloos, een van Krugersdorp se belangrikste historiese geboue.[52]

Die ZARP het hulle hande sedert die ontstaan van die dorp vol gehad om gevegte tussen myners, onderling, sowel as Blankes teen Swartmense, te polisieër. Dugmore koppel die oorsprong van Krugersdorp se eertydse bynaam van 'n vegtende dorp aan hierdie uitbreke van geweld. Dronkenskap was in baie gevalle die aanleidende oorsaak vir hierdie vuisgevegte. Die Regering het sporadies pogings aangewend om die Rand van brutaliteit "skoon" te maak. Een so 'n geleentheid was die nag van 7 Oktober 1896 toe 'n groep jong mans, meestal regeringsamptenare, insluitende die sersant-majoor van die ZARP, sistematies van kroeg na kroeg in Krugersdorp rondgegaan het om te drink en almal wat hulle teengekom het tot 'n vuisgeveg uit te daag. Op 28 Januarie 1897, nadat hy die hoeksteen van die nuwe polisiestasie gelê het, was Eloff self in 'n vuisgevegte betrokke. Hy het met sy sersant-majoor gebaklei.[53]

Die inwoners was nie gelukkig met die diens wat hulle van die ZARP in Krugersdorp ontvang het nie. Dit wil voorkom asof dronkenskap onder die ZARP een van die redes hiervoor kon wees. Bulpin maak melding van geleenthede waar sowel Eloff as die sersant-majoor in die openbaar dronk was en in vuisgevegte betrokke geraak het as gevolg van hulle dronkenskap.[54] Die algemene tekort aan polisiemanne kan ook as oorsaak vir die ondoeltreffende optrede gesien word. Daar was slegs 176 polisiemanne, offisiere en manskappe ingesluit, in hierdie tyd op die Witwatersrand

---

52 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, J.J. van Tonder-versameling (korrespondensie leêr), Brief Transvaalse Argiefbewaarplek-J.J. van Tonder, 10 Des. 1978.

53 T.V. Bulpin, *Storm over the Transvaal*, pp.250,261.

54 T.V. Bulpin, *Lost trails of the Transvaal*, pp.372,379.

aangewend. Hiervan was net 48 beskikbaar vir nagskofte. 'n Verdere oorsaak vir die ondoeltreffendheid van die ZARP kan geleë wees in die feit dat die Krugersdorp-korps onderbetaal was en hulle salarisse baie ongereeld ontvang het.[55]

'n "Constabulary" (South African Constabulary) bestaande uit Britse soldate wat hulle na die Suid-Afrikaanse Oorlog in Suid-Afrika gevestig het, het die polisiëringstaak na die oorlog oorgeneem. Die periode na die oorlog word gekenmerk deur onlus en misdade wat verband hou met die sogenaamde "black peril". Die polisie het in reaksie op die geweld 'n verskeidenheid wette en regulasies toegepas. Die inwoners van Randfontein het ook hulle besware teen die Swart-geweld uitgespreek sodat 'n tweede groep polisiemanne, lede van die Transvaal Territorial Police, by die geweld aan die Wesrand betrek moes word. Ten spyte hiervan het die polisiediens steeds mank gegaan aan voldoende mannekrag. Beide polisiegroepe het dubbelskofte gewerk ten einde die misdaadprobleem effektief aan te spreek. Dit lei tot groter samewerking tussen die twee groepe, wat 'n beter diens beteken het.[56]

Die tekort aan polisiemanne was veral in 1908 kritiek toe verwag is dat geweld op groot skaal sou uitbreek as gevolg van die staking onder Swartmynwerkers. Die plaaslike stasiebevelvoerder het dringend bykomende polisiemanne aangevra om tydelike polisieposte by die onderskeie myne te beman. Die volgende tabel gee 'n opsomming van die polisiesterkte in Krugersdorp tydens die 1908-mynstaking.

| **POLISIESTERKTE : 1908-MYNSTAKING** | | | |
|---|---|---|---|
| **Area** | **Berede Polisie** | **Voetpolisie** | **Totaal** |
| Luipaardsvlei | 20 | 15 | 35 |
| Suid van Krugersdorp | 50 | 20 | 70 |
| Robinson/ Randfontein | 30 | 25 | 55 |
| **TOTAAL** | **100** | **60** | **160** |

**Figuur 56**

---

55 C. Dugmore, *A threat to property and lives...*, pp.1 & 5.

56 C. Dugmore, *A threat to property and lives...*, p.8. Die twee groepe het in 1913 saamgesmelt om die Suid-Afrikaanse Polisie (SAP) te vorm.

In aansluiting by die bostaande getal het die plaaslike polisiehoof berig dat Krugersdorp hom gereed gemaak het om 'n polisiemag van 200-300 man in 'n polisiekamp te huisves ingeval van 'n grootskaalse uitbreek van geweld.[57]

Met die mynstaking in 1917 was die scenario heelwat slegter. 'n Totale polisiemag van 1050 was vir die Wesrand, Langlaagte tot by Bank, op gereedheidsgrondslag geplaas om ammunisie-opslagplekke, kragstasies, water-reservoirs en pompstasies en die myne te beveilig. 'n Verdere 800 berede polisiemanne is op bystand geplaas as 'n aanvalsmag.[58]

Boere in die distrik was nie gevrywaar van die onrus en geweld op die delwerye en myne nie. Die boerderygemeenskap het veral swaar deurgeloop onder veediefstalle, inbraak, aanranding. Verskeie polisieposte is in die distrik opgerig, byvoorbeeld op Hekpoort, Van Wyksrust, Magaliesburg, Hamburg, Luipaardsvlei, Nooitgedacht en Tarlton. Die meeste van hierdie poste was onderbeman. Vroue gevangenes in die polisieselle was problematies omdat slegs mans die poste beman het. Die eggenotes van die stasiepersoneel was dikwels verplig om as "wagte" van vroue-gevangenes op te tree. Slegs die Krugersdorp polisiestasie het die diens van vrouebewaarders gehad.[59]

Omstandighede in die polisieselle het baie te wense oorgelaat. Geen seep is aan die gevangenes by Van Wyksrust voorsien nie, alhoewel die sersant te Hekpoort van tyd tot tyd 'n koekie seep uit sy sak aangekoop het. Die algemene toestand van die Hekpoort-polisiestasie was egter swak omdat daar geen toiletgeriewe was nie. Die gevangene moes homself vir sy toilet "relieved.....among the rocks". Die Krugersdorp Landdros het daarom ernstig by die Departement van Justisie aanbeveel dat toilette vir die polisiestasie aangebou word en dat 'n boorgat op die standplaas gesink moes word. Water is met 'n waterkar vanuit die nabygeleë Magaliesrivier aangery.[60]

---

57 SAB, Pretoria, SAP, band 48, verw. CON 8/1841, Brief Krugersdorp Polisiehoof-Kommissaris van polisie, sd.

58 SAB, Pretoria, SAP, band 34, verw. 6/480/17/1, Brief Distrikskommandant-Adjunk-kommissaris, 12 Febr. 1917.

59 SAB, Pretoria, JUS, band 484, verw. 1900/29, Verskillende inspeksieverslae, 1920.

60 SAB, Pretoria, JUS, band 484, verw. 3/920/1, Brief Landdros-Sekretaris van Justisie, 23 Apr. 1920.

Die regering het sedert 1903 tot 1910 die grond waarop die polisiepos was, ongeveer 599 vierkante roede (60.601728 hektaar)[61], by die eienaars gehuur teen £12 (twaalf pond) per jaar. Sedert 1908 het die regering gepoog om die grond na die staat oor te dra, maar probleme is ondervind omdat die spesifieke gedeelte van die plaas Hekpoort aan 17 grondeienaars (erfgename) behoort het. Die grond is uiteindelik in 1910 onteien omdat die eienaars nie eenstemmigheid oor die verkoopprys van die grond kon bereik nie. Die onteieningsbevel is in Staatskoerant van 1 September 1910, kennisgewing nr. 456/1910, geadverteer, maar die grond is blykbaar nooit deur die Registrateur van aktes na die Staat oorgedra nie. Die kwessie van eienaarskap het weer ter sprake gekom toe die opgradering van die geboue in die twintigerjare aandag geniet het. Die eienaars het toe ook aanspraak gemaak op "agterstallige" huurgeld. Die gevolg is dat die oordrag van die grond eers in 1932 gefinaliseer is.[62]

Die polisiediens is tydens die Eerste Wêreldoorlog onder groot druk geplaas. Behalwe hulle normale pligte, moes die polisie ook op die uitkyk wees vir vyandelike vliegtuie. Omdat die Unieregering in hierdie stadium oor geen lugmag of eie vliegtuie beskik het nie, is opdrag aan die polisiemag gegee om alle vliegtuie as "vyandelik" te beskou.[63]

Verskeie polisiemanne het by die oorlogsmag aangesluit, wat polisiëring onder groot druk geplaas het, sodat spesiale konstabels of vrywilligers aangestel moes word. Die Minister het magtiging aan die magistraat verleen om driehonderd spesiale konstabels in Krugersdorp aan te stel. Verskeie inwoners het as vrywilligers aangebied om met die polisiëringstaak behulpsaam te wees, maar die plaaslike magistraat het voorkeur gegee aan die aanstelling van opgeleide polisiemanne. Toesighouding word ook bemoeilik vanweë die afstand wat die vrywilligers in die uitgestrekte distrik moes aflê. Hy het die distrik gevolglik in drie patrolliewyke ingedeel.

---

61 'n Roede is 'n oppervlakte maat wat gelyk is aan 'n kwart van 'n akker. Een roede is gelyk aan 0.1011715 hektaar. *Keartlands metrieke omsettingstabelle*, tabel 17.

62 SAB, Pretoria, JUS, band 581, verw. 3013/31, Brief Sekretaris van Lande-Sekretaris van Justisie, 13 Jan. 1932.

63 SAB, Pretoria, SAP, band 15, verw. 5/14, Brief Sekretaris SA Polisie-To all units concern, 29 Aug. 1914.

- Die stedelike wyk het bestaan uit die woongebiede Randfontein, Krugersdorp, Krugersdorp-Wes, Burgershoop, Luipaardsvlei, Roodepoort, Maraisburg, Florida, Hamburg en Van Wyksrus. Die patrollie sou bestaan uit 'n nukleus opgeleide polisiemanne woonagtig in die polisiebarakke en spesiale konstabels, tesame met 'n klein groepie betaalde spesiale konstabels. Laasgenoemde groep sou uit die geledere van afgetrede polisiemanne en soldate gewerf word. Die polisiëring sou bestaan uit voetpatrollies, fietspatrollies en puntdiens.
- Die tweede patrollie was verantwoordelik vir polisiëring op die myne. Die polisiëringsfunksie is oorgedra aan die onderskeie myne, wat 'n amptenaar in beheer van die taak moes aanstel, met Blankes onder hom om uitvoering aan die opdrag te gee. Geen spesiale konstabels is op die myne toegelaat nie ten einde "onwettige polisiëring" te voorkom. Die hooffunksie van die mynpatrollies was om die koperdiefstal en onwettige drank- en goudhandel op die myne te bekamp. Die mynpatrollies sou tydens onrus in die mynkamponge bygestaan word deur 'n groep uitgesoekte polisiemanne.
- Die landelike patrolliewyk het die res van die distrik beslaan. Slegs opgeleide polisiemanne is gebruik omdat uniformmanne die gevoel van sekuriteit en veiligheid sou bevorder. Verskeie polisiemanne wat in die barakke gewoon het, is daarom na die buiteposte verplaas.[64]

Randfontein-Fochville is in 1931 tot 'n afsonderlike patrolliewyk geproklameer,[65] terwyl die polisiepos te Greymont na die Johannesburg-distrik oorgeplaas is vir beter polisiëring, alhoewel die woongebied deel van die Krugersdorp-distrik gebly het.[66] 'n Nuwe polisiepos is in 1926 op die plaas "Steenkoppie" geproklameer.[67] Krugersdorp en Roodepoort het in 1956 aparte polisiedistrikte geword.[68]

---

64 SAB, Pretoria, JUS, band 327, verw. 1/255/14, Brief Krugersdorp Magistraat Krugersdorp-Sekretaris van Justisie, 29 Aug. 1914

65 SAB, Pretoria, JUS, band 578, verw. 1159/31, Brief G.P. Brits(LV)-Sekretaris van Justisie, 23 Febr. 1931.

66 SAB, Pretoria, JUS, band 579, verw. 1787/31, P.C. Jooste-Sekretaris van Justisie, 15 Apr. 1924.

67 SAB, Pretoria, JUS, band 419, verw. 3/178/26, Transportakte No. 25/1906, 21 Apr. 1926.

68 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingsleêr P7, *Polisie in Krugersdorp.* sd.

Die jaar 1932 was van besondere betekenis vir die Krugersdorpse polisiediens, want in hierdie jaar is die distrikspatrollies te perd vervang met 'n motorpatrolliediens. Dit het die polisiëring doeltreffender gemaak, omdat polisiemanne nou vinniger by die punt van misdaad kon uitkom.[69]

Polisiebehandeling van Swartoortreders het van tyd tot tyd onder skerp kritiek deurgeloop. Die brutaliteit waarmee klopjagte in die woongebiede vir Swartmense, Indiërs en Bruinmense uitgevoer is, word deur Callinicos en Phillips gekritiseer. Alhoewel die polisie uitgereik is met knuppels, was hulle nie veronderstel om dit willekeurig te gebruik nie.[70] Die Swartmense het teen hierdie brutaliteit in opstand gekom. Die optrede van ene Ernest Majura van Krugersdorp teen polisiebrutaliteit in 1905 was luidkeels deur die inwoners toegejuig. Die daaropvolgende hofuitspraak was ten gunste van Majura, omdat "'n Kaffer dieselfde regte het as enige ander Britse onderdaan."[71]

Alle vertakkinge van die polisiediens was in 1972, toe die nuwe polisiestasie in gebruik geneem is, in Krugersdorp gevestig. Die nuwe polisiestasie het huisvesting verskaf aan die Wesrandse Afdelingskommissaris, die Veiligheidstak, 'n Speurtak en die Wesrandse Moord- en Rooftak. Die vierverdieping gebou het R1 miljoen gekos en benewens die adminstratiewe afdeling ook 'n enkel- en dubbelkwartiere, garage, selle en 'n lykshuis ingesluit. Die nuwe polisiestasie is tydens 'n medaljeparade deur die Minister van Polisie, Lourens Muller, geopen. 'n Blitspatrolliediens is in 1986 in Krugersdorp gevestig en 'n Kinderbeskermingseenheid in 1991.[72]

Die Stadsraad van Krugersdorp het op 27 Januarie 1986 ereburgerskap aan die Suid-Afrikaanse Polisie toegeken uit erkenning vir die onverskrokke en onselfsugtige wyse waarop die polisie harmonie en 'n positiewe naasbestaan in Krugersdorp verseker het. Die ereburgerskap was namens die polisie in ontvangs geneem deur Luitenant-generaal H.G. de Witt, wat die besondere

---

69 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingsleêr P7, *Polisie*, sd.

70 L. Callinicos, *Gold and Workers...*, p.48. R.E. Phillips, *The Bantu in the City*, pp.226,247.

71 C. Dugmore, *A threat to property and life...*, p.10. Kyk ook R.E. Phillips, *The Bantu in the City*, pp.226,247.

72 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, *West Rand Times*, 2 Jun. 1972 en *Krugersdorp News*, 21 Mrt. 1986, *Die Vaderland*, 4 Jul. 1991.

verhouding tussen die polisie en die inwoners van Krugersdorp geloof het (foto no.98).[73]

Met die toetrede van vroue tot die polisie mag in 1973, het Krugersdorp se vrouepolisie verskeie loopbaanhoogtepunte bereik. Luitenant Bridget Mokwena was die eerste Swart vroue-offisier wat in die Witwatersrand Polisieditrik aangestel is. Sy was slegs die vierde vroue luitenant in die land. Een van die ander luitenante, Henriette Bester, was die skakeloffisier van die polisie aan die Wesrand.[74]

## 11.3 REGSPLEGING

Die Suid-Afrikaanse regstelsel is gebaseer op die Romeins-Hollandse regstelsel, en 'n hiërargie van howe wat voorsiening maak vir die reg tot appèl. Krugersdorp beskik oor drie strafhowe, 'n siviele hof en 'n streekhof wat daagliks sittings het. Die hooggeregshof vergader periodiek in Krugersdorp. Die strafhowe het ook sittings in Kagiso. Alle appèlsake word in Bloemfontein in die Appèlhof verhoor.

Die vervolging van Swartmense was sedert die beginjare problematies omdat hulle nie die regstelsel verstaan het nie, want dit het radikaal van die stamhowe waaraan hulle gewoond was, verskil. Alhoewel tolke gebruik was om die hofprosedure aan hulle te verduidelik, kon die Swartmense hulle dikwels nie self verdedig nie. Hulle het geen regsverteenwoordiging gehad nie, omdat hulle dit nie kon bekostig nie. 'n Onvermoë om te artikuleer het hulle dikwels in kruisondervraging die onderspit laat delf. In 1904 was daar 1539 misdade onder die pas- en drankwette in Krugersdorp aangemèld. Hiervan is 1200 in die strafhof verhoor, met 1104 skuldigbevindings. Dugmore is van mening dat baie van die Swartmense skuldig bevind was omdat hulle nie die regsprosedure geken het nie en hulleself nie kon verdedig nie.[75] Ook Phillips pleit vir 'n regshulpstelsel met beter verteenwoordiging

---


73 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, *Krugersdorp News*, 19 Jun. 1987. Kyk ook inligtingslêer P7, *Polisie*, sd.

74 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, *Krugersdorp News*, 11 Okt. 1991, *Die Vaderland*, 1 Febr. 1990.

75 C. Dugmore, *A threat to property and lives…*, pp.3,8.

aan Swartmense. Howe behoort volgens hom beter begrip te toon vir die Swartmense se verstaan van die regstelsel en tolke aanstel wat die regsprosedure korrek en geloofbaar kan oordra. Blankes met 'n kennis van 'n Swarttaal is volgens hom nie noodwendig 'n goeie tolk nie. Lyfstraf en harde hande-arbeid word deur hom ook as sadistiewe strawwe beskryf wat dikwels nie die oortreding geregverdig het nie.[76]

Die aantal kriminele en siviele sake wat in die plaaslike howe aangehoor is, het oor 'n tydperk van dertig jaar verdriedubbel. Die volgende grafiek gee vergelykende besonderhede vir die periode 1920-1924 teenoor die periode 1950-1954.[77]




| | 1920 | 1921 | 1922 | 1923 | 1924 | | 1950 | 1951 | 1952 | 1953 | 1954 |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Kriminele Hof | 3028 | 4044 | 3783 | 5235 | 6167 | | 13076 | 12735 | 12371 | 14063 | 16805 |
| Siviele Hof | 1556 | 2061 | 2054 | 1999 | 1716 | | 3917 | 3033 | 4416 | 5177 | 5846 |
| Totaal | 4584 | 6105 | 5837 | 7234 | 7883 | | 16993 | 15674 | 16787 | 19240 | 22651 |

**Figuur 57**

Die toename in kriminele en siviele hofsake moet in verband met die toename in die bevolkingsyfer gesien word en nie net as 'n toename in die voorkoms van misdaad nie.

76 R.E. Phillips, *The Bantu in the city*, pp.226-247.

77 SAB, Pretoria, JUS, band 310, verw. 3/253/21, *Jaarverslae 1920-1924*; JUS, band 912, verw. 21/156, *Jaarverslae 1950-1954*.

As staatsamptenaar is die landdros nie net vir regspraak verantwoordelik nie. 'n Verskeidenheid administratiewe en regsfunksies, waaroor uitspraak gelewer moet word, word deur hom behartig. So moes die Krugersdorp-magistraat in 1921 beslis of 'n lisensie vir 'n bottelstoor in Florida toegeken kon word, of nie. Die aansoek was laat ingedien. Die inwoners het in 'n petisie die magistraat versoek om 'n lisensie aan die bottelstoor toe te ken, omdat hulle naaste bottelstoor in Maraisburg geleë was. Die magistraat se beslissing was dat die lisensie nie toegeken word nie.[78]

Vervolging onder munisipale verordeninge word ook deur die plaaslike landdros hanteer. Die Stadsraad het reeds in 1912 sy eerste openbare vervolger, L. Drysdale, aangestel, om algemene oortredings te vervolg.

'n Prokureur word vandag slegs gebruik vir groter en ingewikkelder oortredings.[79] Die Sekretaris van Justisie het in 1926 gekla dat baie kleiner oortredings van die lokasieverordeninge deur die Hof van die Naturelle-Kommissaris verhoor kon word, maar dat die Stadsraad het voortgegaan om hierdie sake in die landdroshof te laat verhoor. Dit het groot druk op die landdros geplaas, wat juis in hierdie stadium aansoek gedoen het vir die aanstelling van 'n tweede "addisionele" landdros. Die Stadsraad was van mening dat die landdroshof beter na die Raad se belange omgesien het as die Naturelle-Kommissaris. Die landdros was nie by magte om aan die Stadsraad voor te skryf waar hulle sake moes aanbied nie.[80]

Die hantering van klein-eise in siviele howe het 'n groot las op die regstelsel geplaas. 'n Nuwe regstelsel, naamlik 'n Hof vir Klein-Eise, het hieruit ontstaan. 'n Hof vir Klein-Eise is in 1988 in die Ou Landdrosgebou[81] in Kommissarisstraat gevestig. Die hof het aanvanklik met een sitting per week in Krugersdorp begin. Dit het vandag twee sittings per week. 'n Prokureur

---

78 SAB, Pretoria, JUS, band 320, verw. 3/1143/21, *Petisie van inwoners*, 1921.

79 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, *Mayor's Minute for the year ending 31 October 1912*, p.89.

80 SAB, Pretoria, JUS, band 405, verw. 3/1419/25, Korrespondensie Sekretaris van Naturellesake-Sekretaris van Justisie, 1986; JUS, band 310, verw, 3/253/21, *Verslag Public service inspector: Public Service Commission*, 12 Febr. 1924.

81 Die Ou Landdrosgebou huisves vandag die Krugersdorp Museum. Die Hof vir Klein-Eise het weekliks op Maandag en Dinsdagaande sittings in die hofsaal, wat as ouditorium deur die Museum ingerig is.

met minstens sewe jaar praktiese ervaring dien as Kommissaris van die hof, bygestaan deur 'n tolk, geregsbode en die klerk van die hof. Die hof-ordonnans is gewoonlik 'n polisie-reservis.

Die Hof vir Klein-Eise is beperk tot eise van minder as R3000 en daarop ingestel om regskoste vir die algemene publiek in siviele aangeleenthede so laag as moontlik te hou. Die hof funksioneer ook op 'n basis van dienslewering aan die gemeenskap sonder vergoeding van die betrokkenes. Slegs individue kan sake indien, nie ondernemings nie. Regsverteenwoordiging deur 'n prokureur of advokaat word nie toegelaat nie, alhoewel die partye vooraf regsadvies mag inwin. Die beslissing van die Hof vir Klein-Eise is net so geldig as die beslissing van 'n siviele hof. Om 'n saak by die Hof vir Klein Eise aanhangig te maak, moet die klaer 'n geregistreerde skrywe aan die persoon wat hy wil dagvaar rig waarin aangedui word dat hy die aangeleentheid na die Hof vir Klein-Eise wil neem. As daar na veertien dae geen reaksie op die brief was nie, doen die klaer by die Klerk van die Hof aansoek vir die uitreiking van 'n dagvaardiging, waarvoor 'n diensfooi betaal word. Die geregsbode bedien die dagvaarding op die ander persoon. Die hofsitting geskied baie informeel. Die Kommissaris hoor die klaer en verweerder se weergawe van die saak aan, vra vrae aan beide partye en nadat al die inligting ingedien is, dan gee hy uitspraak. Uitsprake in die Hof vir Klein-Eise is bindend op beide partye in dieselfde mate as in enige ander geregshowe in Suid-Afrika. Geen appèl kan teen die uitspraak aangeteken word nie.[82]

Die Ou Landdrosgebou (foto no.99) is deur die staatsargitek, Zytske Wierda, ontwerp. Die hoeksteen is in 1891 deur President Paul Kruger onthul. Die gebou is vandag nie net die oudste gebou in Krugersdorp nie, maar dit was tot in 1973 die judisiële setel van die dorp. Die nuwe landdrosgebou laer af in Kommissarisstraat, is langs die nuwe polisiestasie opgerig en slegs 'n jaar na die nuwe polisiestasie (1973) in gebruik geneem. Waar die ou gebou slegs een hofsaal en 'n naturellehof gehad het, voorsien die nuwe gebou in die

82 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingsleêr H16, *Hof vir Klein-Eise*, 1988-1996.

behoefte van al die kriminele en siviele sake van die dorp. Sittings kan in ses hofsale gelyktydig gehou word.[83]

## 11.4 SLOTOPMERKING

Misdaad is een van die ernstigste maatskaplike probleme waarmee 'n samelewing gekonfronteer word. Antagonisme teen die regering en die dominasie van die Blanke in alle sfere van die samelewing vorm die agtergrond waarteen misdaad in Krugersdorp gepleeg is. Die antagonisme word versterk deur die brutale optrede van lokasie-owerhede en die polisie tydens klopjagte. In reaksie hierop het die Swart- en Bruinmensgemeenskappe sterk teenkanting gebied teen alle vorme van wetgewing en regulasies wat hulle vryheid van beweging aan bande gelê het, byvoorbeeld die paswette, instromingsbeheer en beheer oor alkoholgebruik.[84]

Misdaad het na die "black peril" volgens Dugmore in Krugersdorp afgeneem as gevolg van die rassesegregrasie en Blanke outoritêre beleid wat die dorp se stadsvaders toegepas het.[85] Die burgemeester van Krugersdorp beroem hom in 1970 nog daarop dat Krugersdorp redelik "skoon" is van leeglêers en dat daar baie min ernstige misdaad in die dorp gepleeg word. Hy skryf dit toe aan die streng instromingsbeheer wat die munisipale Departement Nie-Blanksake en die polisie uitgeoefen het.[86] Die afwesigheid van geweld en onluste in die dorp in die vroeë sewentigerjare, skryf die burgemeester toe aan die goeie verhouding wat tussen die amptenary van die Stadsraad en die publiek van Krugersdorp heers.[87]

Die voorkoms van misdaad in Krugersdorp, veral in die Sentrale Besigheidsdistrik (SBD), het sedert die 1976-onluste sulke ernstige afmetings

---

83 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingslêer M24, *Museum*, sd. Kyk ook Museum, Krugersdorp, *Restourasieverslag*, 1994.

84 SAB, Pretoria, UG, band 47/1950, *Report of the commission appointed to enquire into acts of violende committed by Natives at Krugersdorp, Newlands, Randfontein and Newclare*, 22 Mrt. 1950, pp.8-12.

85 C. Dugmore, *A threat to property and lives...*, p.15.

86 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, *Verslag van die edelagbare burgemeester vir die tydperk geeïndig 13 Maart 1970*, p.12.

87 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, *Verslag van die edelagbare burgemeester vir die tydperk geeïndig 16 Maart 1971*, p.10.

aangeneem dat die Krugersdorp Besigheidskamer misdaad as een van die belangrikste redes vir die uitvloei van koopkrag uit die SBD beskou.[88] In reaksie hierop het die Besigheidskamer 'n veldtog "besigheid teen misdaad" geloods, waarna in hoofstuk ses verwys is. Hiermee is 'n nuwe era van gemeenskapspolisiëring in Krugersdorp ingelui.

88 C. Kruger, Onderhoud: 6 Febr. 1998